higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VERVOERBEDRYF
NKR VLAK 3

(11011073)

13 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Skryf netjies en leesbaar.

NSC 2021

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Goedere soos blomme en voedsel word altyd per lug vervoer as gevolg van die bederfbare aard en beperkte raklewe daarvan.

1.2 'n Passasier maak staat op die beskikbaarheid van vervoer wanneer hy of sy 'n vervoermodus kies om te gebruik.

1.3 Verhoogde koste is die rede waarom intermodusvervoer somtyds vir klante minder aanloklik is as gevolg van die laai en aflaai tussen modusse.

1.4 'n Pad/spoortrok ('roadrailer') is spesiaal vir spoorvervoer ontwerp – 'n leunwa wat in 'n spoorwegtrok omgeskakel kan word.

1.5 Wanneer diamante vervoer word is die grootste oorweging die betroubaarheid van die modus wat gebruik word.

1.6 Die keuse van vervoermodus is baie kompleks as gevolg van die invloed van mark- of bedryfsfaktore.

1.7 Volgens Insight (2012) en Profit Point (2012) help elektroniese aankoopstelsels om hipotetiese versadiging te ontleed.

1.8 Die belangrikste lughawe in Suid-Amerika is Cape Town International.

1.9 Die vervoersektor is een van die grootse sondaars ten opsigte van energieverbruik, en dra grootliks tot aardverwarming by deur die vrystelling van koolstofdioksied.

1.10 'n Taxi word as vervoermodus meestal deur pendelaars verkies omdat taxis gewild is onder die meeste voorheen benadeelde individue.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Kies 'n item uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

	KOLOM A		KOLOM B
2.1	… is ook die veiligste, mees koste-effektiewe en doeltreffende maniere om petroleumprodukte te vervoer	A	intermodusvervoer
2.2	Die beweging van een eenheidvrag ('unit load') vanaf die oorsprong na die bestemming met verskeie vervoermodusse vergesel van een vervoerdokument sonder om die eenheidvrag op te deel, word ... genoem.	B	pypleidings
2.3	… is die tempo waarteen die vervoermodus oor 'n bepaalde tydperk gebruik word	C	oorbodig
2.4	Die doel van … is dat dit nie deur swak weersomstandighede beïnvloed word nie	D	versekering
2.5	… wanneer 'n maatskappy stadige of niebetroubare of ongereelde vervoermodusse gebruik	E	brande
2.6	… is die koste wat 'n maatskappy aangaan terwyl dit nie enige goedere of dienste produseer nie	F	multiprodukpypleidings
2.7	… is een van die faktore wat vervoerkoste beïnvloed	G	'n surplus voertuie
2.8	… is een van die situasies wat vervoermaatskappye in die gesig mag staar	H	kapasiteit
2.9	Swak aanwending van voertuie mag aan … toegeskryf word	I	vaste koste
2.10	… werk passasierbesonderhede op die finale besprekingslys elektronies by	J	vervoeroperateurs
		K	multimodusvervoer

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Omskryf die volgende konsepte. Skryf slegs die definisie langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1 Frekwensie

3.2 Laaivakskip ('cellular container ship')

3.3 Deurvervoerkapitaal

3.4 Wanaanwending

3.5 Openbare vervoer

(5 × 2) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Beskryf VIER doeleindes van spoorvervoer. (4 × 2) (8)

4.2 Lees die volgende stelling en beantwoord die vrae.

> Vragte met pakkies ('unitised loads'), soos houers en palette wat aan ISO-vereistes voldoen, het intermodus- en multimodusvervoer 'n groot hupstoot gegee. Dit laat toe dat dieselfde houers sonder onnodige hantering veilig met vliegtuie, skepe, treine en vragmotors vervoer word.

Voorbeelde van ISO-houers:





4.2.1 Waarvoor staan ISO? (1)

4.2.2 Beskryf DRIE voordele van vragte met pakkies (unitised loads) en multimodusvervoer. (3)

4.2.3 Noem en beskryf VIER intermodushouers wat die algemeenste gebruik word om vragvervoer tussen vervoermodusse te vereenvoudig. (4 × 2) (8)

[20]

VRAAG 5

5.1 Lees die volgende stelling en beantwoord die vrae.

> Tegnies faktore is daardie aspekte wat 'n invloed het op hoe 'n besigheid bedryf word. Dit hou gewoonlik verband met gespesialiseerde mannekrag, toerusting en elektroniese stelsels wat in 'n sake-omgewing of dié van sy verskaffers, diensverskaffers en klante gebruik word. As gevolg van toenemende afhanklikheid van toerusting, oefen tegnologiese faktore tans 'n groter invloed uit op die sukses van 'n besigheid as wat vyftig jaar gelede die geval was.
>
> (*Eie vertaling uit Business directory.com, 2012*)

Identifiseer VIER tegniese faktore wat in die bedryf van 'n onderneming oorweeg moet word. (2 × 4) (8)

5.2 Lees die volgende stelling en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Verskillende tipes koste en gelde moet tussen vervoerkontrakteurs en beheerliggame onderhandel word, en dié wissel vir verskillende vervoermodusse. Dit is kritiek vir vervoeroperateurs om te weet wat hul verantwoordelikhede in dié verband is en waar die nodige inligting aangaande passasier- en vragvervoerkoste en -gelde beskikbaar is.

5.2.1 Verduidelik VIER algemene riglyne vir die hantering van kontant (UC Santa Cruz, s.d.). (2 × 4) (8)

5.2.2 Beskryf VIER voorbeelde van spesiale dienste wat met beheerliggame onderhandel moet word. (2 × 4) (8)
[24]


VRAAG 6

6.1 Noem en beskryf VIER tegnieke wat gebruik word om 'n ekonomiese passasiervervoerdiens te verseker. (3 × 4) (12)

6.2 Lees die volgende stelling en beantwoord die vrae.

Tegnologie het veroorsaak dat klante nie meer nodig het om verskaffers te besoek om besprekings te doen nie. Besprekings kan nou aanlyn of per telefoon gedoen word. Klantebesonderhede word permanent op die diensverskaffer se rekenaarstelsel aangeteken en geberg. Wanneer die klant dieselfde diens op 'n later stadium gebruik, kan die persoonlike inligting vinnig en sonder moeite opgespoor word.

Voorbeeld van 'n dokument vir 'n aanlynbespreking:



6.2.1 Beskryf VIER stappe wat gevolg moet word om volgens die webwerf 'n aanlynbespreking te doen. (Intercape, 2011). (4 × 2) (8)

6.2.2 Noem DRIE pligte wat 'n agent moet nakom wanneer 'n klant 'n besprekings wil doen. (3 × 2) (6)

[27]

TOTAAL AFDELING B: 70
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou